

Vrydag 15 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 33:1 – 35:29 (1953-vertaling)

Fokusgedeelte: Genesis 35:2, 3; 35:29 (1953-vertaling)

God bevestig sy verbondsbeloftes ... en vervul dit in Christus

In Genesis 33:1-17 vind ons die beskrywing van Esau se vergifnis van Jakob en van hulle twee se versoening met mekaar. Aan die einde van Genesis 33 lees ons selfs van die altaar van Jakob met die naam: “Die God van Israel is God.”

Dan volg in Genesis 34 ’n volgende episode, ’n moeilik verklaarbare geskiedenis met ontstellende feite. Ons lees van die wreedste verkragting, daar is moorde, leuens en wraak.

Direk daarna volg egter weer Genesis 35 met ’n bevestiging van die evangelie. Dit is asof die totale verdorwenheid en sedeloosheid en moord- en wraakneigings van die mens (Gen. 34) nie anders kan nie as om die Here se belofte in Genesis 35 op te roep: *“Ek is God die Almagtige ... ’n nasie sal van jou afstam ... konings ... die land wat Ek aan Abraham en Isak gegee het, sal Ek aan jou gee; en aan jou nageslag na jou ...”* (Gen. 35:11-12). Ons hoor ook die Here se eis, soos Jakob dit aan sy familie meedeel: *“Verwyder die vreemde gode wat onder julle is ...”* (Gen. 35:2). Die hartseer van hierdie geskiedenis is nie net die sondige optrede van Jakob se seuns in Genesis 34, vóór die oproep van Jakob in Genesis 35:2 nie, maar ook sy oudste seun, Ruben, se vreeslike sonde daarna (Gen. 35:22).

Aan die einde van hierdie drie hoofstukke lees ons egter van Isak se dood en aangrypende begrafnis.

- Isak het by sy volksgenote gesterf (Gen. 35:29).
- Jesus het alleen gesterf, tussen rowers (Matt. 27:38; Mark. 15:27; Luk. 23:32), nadat Hy aan die kruis verlaat is (Mark. 15:34).
- Jesaja 53:12 vat dit saam: Die Seun van God het gesterf, Hy was *“saam met die oortreders getel ... terwyl Hy tog die sonde van baie gedra en vir die oortreders gebid het.”*

God se antwoord op wrede misdade van sy verbondskinders (die seuns van Jakob) in Genesis 34 en weer deur Ruben in Genesis 35 sien ons aan die kruis. Watter kragtige getuienis is die begrafnis van Isak! Op grond van die *verbondsbeloftes* aan Isak, soos aan sy vader, Abraham, en soos aan sy seun, Jakob, en sy nageslag na hom ... is daar redding, alleen in Christus. En daarmee saam die eis van geloof, van gehoorsaamheid, dankbaarheid.

Sing: Psalm 68-1:1, 12

Dr. VE d’Assonville (Victor) (Postmasburg) (RTS – Reformatorisch-Theologisches Seminar, Duitsland)